FOKUStydBybelstudie

'n Verloste FAMILIE van diensknegte wat gestuur is

TWEEDE KWARTAAL 2017 – DEEL 1

Die volmaakte huwelik

MENS TOT MENS

- Hoe lyk die perfekte huwelik?
- Watter foute word gemaak in huwelike?
- Wat staan in die pad dat ons die perfekte huwelik ervaar?

MENS TOT GOD

- SING saam: Ps. 128:1 & 2 (Totius)
- Bid dat God ons sal roep en toerus om ‘n huweliksmaat te wees wat God sentraal laat staan.
- Bid dat God ons sal wys hoe om in ons huwelik ook ‘n voorbeeld te wees vir ander

GOD TOT MENS

- LEES saam: Efes. 5:24-30
- Agtergrond:

  Paul skryf die brief aan die gemeente in Efese met die fokuspunt van eenheid in die kerk as die vertrekpunt in sy bediening. Sodeur word elemente soos die gesin, huwelik en ander sosiale strukture gebruik as die wyse waarop ons saam leef. In Efes. 5 fokus Paulus op die huwelik en beskryf dit ook as die verhouding tussen Christus en sy kerk.

BESPREKING

Bespreek die volgende vrae of stelling in die groep:

- Op watter wyse is die verhouding tussen Christus en die kerk soos ‘n huwelik?
- Lees Heidelbergse Kategismus V&A 95
    - Kan my huweliksmaat ‘n afgod wees vir my?
- Ongetroudes – wat is jou vrese vir die huwelik?
- Getroudes – hoe is die huwelik anders as wat jou verwagtinge wag?

MENS TOT MEDEMENS

- Lees weer vers 25
    - Moet ek my lewe aflê vir my huweliksmaat?
    - Wat moet prysgegee word ter wille van ‘n huwelik se bestaan?
- Lees weer vers 28
    - Hoe is ek vir iemand lief soos vir my eie liggaam?
- Lees Kol. 3:18-19
    - Hoe verskil die huwelik van gelowiges teenoor die van ongelowiges?

MENS TOT GOD

- Laat een persoon afsluit:
    - Dank God dat Hy steeds gebroke mense gebruik in sy kerk
    - Dank God dat Hy steeds die huwelik gebruik om sy kerk uit te bou
    - Bid dat God toekomstige huweliksmaats vir mekaar sal bewaar
    - Bid dat die bruid (kerk) bewaar sal word vir die Christus